basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ONSEF

# VOORBEELDVRAESTEL

## GRAAD 10

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

# 2012

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

KONSEP

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

**Pols: Laat die fietsspeke sing!**

2011-10-02

Terésa Coetzee



1. Oor net minder as twee maande word Gauteng se grootste fietsresies gehou. Terésa Coetzee het raad vir diegene wat ook graag in die saal wil spring, maar die oefenprogram tot dusver nog agterweë gelaat het.

2. Al hoe meer mense ry fiets as 'n sport en stokperdjie. Daar is baie goeie en uitdagende bergfietsroetes oral in en om Gauteng.

3. Boonop is fietsry goeie oefening. Dit hou jou fiks en help jou sommer ook om van die oortollige wintervetjies ontslae te raak.

4. Op 20 November gaan sowat 25 000 fietsryers weer die speke laat sing wanneer hulle Momentum 94.7 Cycle Challenge aandurf. As jy nog nie vir dié resies ingeskryf het nie, is vandag jou laaste geleentheid.

5. Meer as die helfte van die deelnemers aan dié resies is fietsryers wat dit regtig net vir die pret doen om deel te wees van een van die grootste gebeurtenisse in die land.

6. Mits jy werklik vasberade is om deel te neem moet jy 'n oefenprogram volg waarin jy ten minste vier keer 'n week oefen. Springklasse by 'n gimnasium is 'n wonderlike manier om stamina en fiksheid te bou. Dit is ook belangrik om naweke op 'n regte fiets te ry om saalfiks te word.

7. As jy intussen oortuig is jy wil ook deel van die fietsrypret word, kan jy nou daaraan begin dink om 'n fiets aan te skaf. En néé, moenie na die eerste en beste kettingwinkel toe ry en 'n fiets wat indrukwekkend lyk teen R1 000 aanskaf nie. Gaan na 'n betroubare fietswinkel en doen jou huiswerk behoorlik. Dis regtig onnodig om die duurste fiets in die winkel te koop. Bergfietse raak deesdae al hoe gewilder omdat jy ook heel gemaklik lang afstande daarmee kan ry. 'n Mens kan spesiale gladder en dunner padbande op jou bergfiets sit wat dit makliker op die pad laat ry.

8. Skaf ook vir jou 'n goeie fietsrybroek aan (ná twee uur op jou saal sal jy weet hoekom); 'n ligte fietsryhempie wat goed ventileer; handskoene om jou hande te beskerm; waterbottels; en natuurlik 'n goeie valhelm. Toe nou, begin oefen!

[Verwerk uit: *Die Burger*, 2 Oktober 2011]

KONSEP

1.1 Wanneer vind die fietsresies plaas? (1)

1.2 Noem EEN rede waarom mense fietsry. (1)

1.3.1 Sê of die volgende stelling ŉ feit of ŉ mening is.
Gauteng is net reg vir fietsresies (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 1.3.1 met ŉ aanhaling. (1)

1.4 Skryf EEN voordeel van fietsry neer. (1)

1.5.1 Wat beteken die onderstreepte woorde: Op 20 November **gaan** sowat 25 000 **fietsryers weer die speke laat sing.** (1)

1.5.2 Kies die korrekte beeldspraak: Die vetgedrukte woorde in Vraag 1.5.1 is ŉ voorbeeld van (ŉ metafoor / personifikasie) want aan ŉ dooie objek word menslike eienskappe gegee. (1)

1.6.1 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is.
Die fietsresies is ŉ baie groot geleentheid in Gauteng. (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Lees paragraaf 5 en 6. Oortuig die skrywer jou om vir die fietsresies in te skryf? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Verduidelik waarom kleredrag so belangrik vir fietsry is? (1)

1.9 Die titel van die leesstuk is: **Laat die fietsspeke sing!**
Wat is die fuksie van die uitroepteken? (1)
[12]

**EN**

## TEKS 2: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.




*Huisgenoot*, 22 September 2011

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.10 | Watter produk word hier geadverteer? | | (1) |
| 1.11 | Skryf TWEE woorde neer wat aandui dat die produk deur die medisyne raad aanvaar is. | | (2) |
| 1.12.1 | Vir wie is die produk bedoel? | | (1) |
| 1.12.2 | Motiveer jou antwoord. | | (1) |
| 1.13 | Skryf 'n woord uit die advertensie neer wat daarop dui dat die produk geniet sal word. | | (1) |
| 1.14.1 | Kies die korrekte antwoord. | | (1) |
| | Dit is 'n (feit / mening) dat die produk werk. | | |
| 1.14.2 | Motiveer jou antwoord op Vraag 2.6.1 deur 'n sinsnede uit die advertensie aan te haal. | | (1) |
| 1.15.1 | Watter sintuig word in die advertensie betrek? | | (1) |
| 1.15.2 | Motiveer jou antwoord deur 'n woord uit die advertensie aan te haal. | | (1) |
| | | | [10] |

**EN**

**TEKS 3: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.




*Volksblad,* 9 September 2011

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Watter groot gebeurtenis word hier uitgebeeld? | (1) |
| 1.17 | Noem TWEE dinge wat die vrou gelyk doen. | (2) |
| 1.18 | Is die vrou gelukkig? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 1.19.1 | Daar is EEN taak in die huis wat die man nie voltooi het nie. Noem dit. | (1) |
| 1.19.2 | Verklaar jou antwoord. | (1) |
| 1.20 | Wat sal die man vir die volgende paar weke doen? | (1) |
| 1.21 | Watter stereotipering ten opsigte van die sportsoort word in hierdie spotprent uitgebeeld? | (1)<br>[8] |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2:** Hoe om veilig te wees in donderweer

- Som die wenke om veilig in donderweer te wees in SEWE sinne op.
- Skryf elke wenk in ŉ volsin neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat ŉ reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

HOE OM VEILIG TE WEES IN DONDERWEER

1 ŉ Donderstorm het in sy volle glorie losgebars. Dit kan maak dat gebiede oorstroom en weerlig kan skade aanrig. Mense kan deur die weerlig getref word en sterf.

2 Bly eerder in die huis as ŉ donderstorm begin opsteek. Moenie onder ŉ afdak of boom staan nie.

3 Net soos weerlig ŉ straatlamp kan tref, kan die stuwing ook deur telefoondrade beweeg en jou ore braai, daarom moet jy nie oor die telefoon praat tydens ŉ donderstorm nie. As jy donderslae hoor, is die storm naby genoeg dat weerlig jou kan tref. Bly nog sowat 30 minute in die huis nadat jy die laaste donderslag gehoor het.

4 As jy buite is en ŉ donderstorm bars los, moet jy weg van bome, heinings en pale beweeg. As jy op ‘n dam of rivier in ŉ boot vaar, kan jy aan al die krag van die weerlig blootgestel word, daarom moet jy so gou as moontlik aan land gaan en skuiling soek. In swembaddens is die gevaar nog groter – bly uit!

5 As weerlig jou ten volle tref, sal jy sekerlik verkool word, want jy sal aan hitte van 30 00 grade Celsius blootgestel word. As weerlig binne 50 m van jou slaan, is daar ŉ groot risiko vir ŉ hartaanval en brandwonde.

[*Huisgenoot*, 22 September 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




*Beeld*, 27 September 2011

3.1 Verdeel die woord, **gevaarlike**, in lettergrepe. (1)

3.2 Skryf nou die stam van die woord, **gevaarlike**, neer. (1)

3.3 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Pa (sny / snoei) die bome. (1)

3.4 Skryf die korrekte spelling van die vetgedrukte woord neer.

Die pa het 'n **sker** in sy hande. (1)

3.5 Vul die ontbrekende voornaamwoord in.

Die seuns skiet ... met die speelgoedgewere. (1)

3.6 Gee die verkleining van die vetgedrukte woord. (1)

Die seun dra 'n kort**broek**.

3.7 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord.

Pa en oupa dra **hemp**. (1)

3.8 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die stoel (op wat) oupa sit is stewig. (1)

3.9 Skryf die woord tussen hakies in die intensiewe vorm, bv.
My wange is (rooi). – bloedrooi

Ma is ŉ (vet) vrou. (1)

3.10 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Ma dra ŉ (blom) rok. (1)

3.11 Gee die korrekte trappe van vergelyking.

3.11.1 Die pa is (oud) as die ma, maar (1)
3.11.2 Oupa is die (oud) (1)

3.12 Gee die korrekte samestelling.

Die seuns dra (kind + skoene). (1)

3.13 Skryf die sin in die verlede tyd.

Ma rol die deeg uit. (1)

3.14 Voltooi die sin: Soek die gevaarlike wapens ... (1)
[15]

KONSEP

**EN**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent en beantwoord die vrae.




*Google.com*

KONSEP

4.1 Skryf die volgende sin in die lydende vorm.

Meneer bestuur die skoolbus. (2)

4.2 Skryf die sin in die infintief

Meneer is besig (koeldrank drink). (1)

4.3 Gee die korrekte woordorde.

Die krieketspan is (Bloemfontein toe,op pad, vandag). (1)

4.4 Vul die korrekte voorsetsel in.

Hulle reis ... bus na Bloemfontein. (1)

4.5 Skryf die syfer in woorde.

Daar is **11** krieketspelers in die span. (1)

4.6 Skryf die sin in die indirekte rede.

Meneer vra: “Neelsie, wil jy ’n slukkie van my koeldrank hê?”

Begin so: Meneer vra of ... (2)

4.7 Skryf die sin in die ontkennende vorm.

Het Neelsie al ooit sy brood met Meneer gedeel? (2)

4.8 Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord tussen hakies.

Meneer is haastig.
Ons begin om eenuur speel. (aangesien) (2)

4.9 Skryf die korrekte vorm van die infinitief neer.

Meneer se span is fiks en goed voorberei, daarom behoort hulle (wen) (1)

4.10 Gee een woord vir die woorde tussen hakies.

Meneer is die (een wat die krieketspelers afrig). (1)

4.11 Skryf die onderwerp van die onderstaande sin neer.

Gerrit sit langs Neelsie. (1)
[15]

**EN**

KONSEP

**VRAAG 5: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae.




Uit *Huisgenoot*, 12 Mei 2011

KONSEP

5.1 Kies die korrekte antwoord.

**Dik** vir skuld beteken:

A genoeg gehad van
B vet geword van
C opgeblaas van
D vol van (1)

5.2 Kies die korrekte antwoord.

Die woord, **doodloopstraat**, word (figuurlik / letterlik) gebruik en beteken dat die persoon nie weet wat om te doen nie. (1)

5.3 Gee die meervoud van **balju**. (1)

5.4 Gebruik 'n afleidingsmorfeem en vorm 'n persoonsnaam met die vetgedrukte woord.

Die **(skuld)** het nie baie geld nie. (1)

5.5 Die illustrasie / prent beeld ŉ idioom uit.

5.5.1 Skryf die idioom neer (sleutelwoord: skuld). (1)

5.5.2 Sê wat die idioom beteken. (1)

5.6 Voorsien die volgende sin van ŉ lidwoord.

... posbus loop oor van aanmanings. (1)

5.7 Verander die vraagsin na ‘n stelsin.

Is u moeg gesukkel? (1)

5.8 Gee ‘n sinoniem vir die vetgedrukte woord.

Gaan u **huis** op ŉ veiling? (1)

5.9 Gee ŉ antoniem (woord met teenoorgestelde betekenis) van die vetgedrukte woord.

Kry u **private** oproepe? (1)
[10]

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

KONSEP